

Donderdag 2 Maart

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:22-23; 1 Petrus 3:1-13

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22; 1 Petrus 3:9

Wees geduldig, omdat God geduldig is

Dit is nie maklik om geduldig te wees nie. 'n Mens word mos vinnig kwaad wanneer iemand jou onregverdig behandel of iets negatiefs van jou sê.

Geduld is 'n vrug van God se Gees. Geduld beteken in Galasiërs 5:22 om stadig te wees om kwaad of woedend te word. Waar die Heilige Gees in iemand woon, werk Hy in daardie persoon om geduldig te wees, of geduldig te begin raak as hy van nature kortgebaker is.

Sommige mense sien geduld as 'n swak eienskap, want dit impliseer dat mens soms nie dadelik teen onreg optree nie. Waarom wil God hê dat gelowiges geduldig moet wees? Die kort antwoord is omdat God self geduldig is.

God is geduldig, selfs al bedroef en grieve mense Hom met hulle optrede. Dink maar aan God se geduld in Noag se tyd toe Hy so bedroef was oor hoe verdorwe die mensdom geword het. Hy was egter geduldig en het nie alles en almal dadelik verwoes nie (Gen. 6:5-8).

Petrus herinner ons daaraan dat, al dryf mense die spot met God en al is hulle aan Hom ongehoorsaam, is Hy steeds geduldig voordat Hy hulle ver-oordeel en verdelg. Sy liefde om mense te wil red, vind in sy geduld weer-klank.

God se Gees werk in ons sodat ons sy beeld sal vertoon. Daarom werk sy Gees in ons om geduld te betoon wanneer ons benadeel word.

Sing: Psalm 103:1, 3 (1936)

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)